Familie Tuisblad

Jakobus 2:9
Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders.

fokus vers

6-12 September 2015

TEMA van die week

So: Jakobus 2 vers 1-17
Ma- Di: Spreuke 22:1-2, 8-9, 22-23
Wo- Do: Psalm 125
Vr – Sat: Markus 7:24-37

BYBEL tyd

Ons kyk met ander oë na mekaar

BID tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)
Here dankie dat ons met sagte oë na mekaar kan kyk ook om die tekens tafel.

Oorgee-gebed
Help ons om vandag ons voor opgestelde idees van ander eers net te los.

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)
Mag jy vandag sagte oë by ander kry.

GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees: Jakobus 2:1-17

Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

Raakvat vrae:

- Vertel van ’n keer toe jy op die uiterlike geoordeel het en jy heeltemal verkeerd was.
- Hoe kan jy jou oordeels foute van iemand regstel?
- Daar is ’n engelse spreuk wat sê: “first impressions last” hoe help dit teks ons met die spreuk?
- Hoe kry mens dit reg om jy voorveronderstellings op te skort?
- Hoe moet jy maak as iemand jou verkeerd oordeel?

SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Gaan lê iewers op ’n bed of kombers of sit sommer net almal saam in die vertrek maar hou julle oë vir 10 minute toe. Praat met mekaar en probeer met vars ore na mekaar luister. Probeer agterkom hoe jou uiterlike beeld van die ander jou dalk voorop gestel het teenoor daardie een en gee vir hom/ ’n vars kans by jou.

DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op ‘n praktiese manier

Praat as gesin oor iemand van wie julle nie eintlik hou nie - julle “worse enemy”! Gaan wees juis goed vir daardie een en gee hom/haar ’n nuwe kans by julle

LEEF tyd

Ons leef ons geloof heel week uit

Maak brille van draad. Een vir elke gesinslid. Eet hierdie week ten minste een ete elke dag met die draad brille op en kyk met “ander oë” na mekaar.

Ontwikkel deur
in samewerking met nous.org.za

NOUS